# Encounter

**Inleiding:**

- Ons is besig met 'n reeks wat handel oor die fondamentele pilare van Christenskap en hoe om dit uit te leef

- **<u>In Afrikaans noem ons dit die 5 B's</u>**
- Beleef Verhouding met God
- Behoort Verhouding met kerk
- Bemagtig Groei en verdieping om meer soos Jesus te wees
- Bedien Bediening in die kerk om ander aan te moedig en te help
- Beinvloed bediening in die missie veld daar buite
  en om ons doel uit te lewe
- Die hoof idee is om hierdie pilare the laat groei in verhouding met mekaar.
- Verduidelik
- Met dit alles in gedagte kan ons nou kyk hoe dit inpas by ons profetiese woord oor die jaar: Versnelling
- As jy nie holisties groei en verdiep in al hierdie areas nie gaan jy onstabiel raak en jou verteenwoordiging van God gaan uit balans wees
- Onstabiele mense is in gevaar wanneer hulle versnel.

**BELEEF**

- Verlede week het Louis 'n oorsig gegee van die 5 pilare en hulle betekenis asook hoe hulle by mekaar pas
- Hierdie week gaan ons fokus op die eerste pilaar: BELEEF
- Dit het betrekking op jou verhouding met God
- As jy die afgelope weke se preke misgeloop het wil ons jou aanmoedig om dit te gaan luister want saam maak hulle 'n prentjie van wat God doen.

- Op visie Sondag het ons gepraar ook “Versnelling” en ons het 1 Konings 18 as skrif gebruik om dit te verduidelik.
- Ons het verwys na die profeet Elija wat die wa en perde van die koning verby gesteek het op voet.
- Een van die punte was jou kaal voete sal jou dra teen ‘n spoed waarby Konings se perde en waens nie kan byhou nie
- Die eerste punt uit die preek was Intimiteit, Elija se intimiteit met God.
- Sy lewe was in gevaar oor sy toewyding aan God.

VANDAG KYK ONS NA DIE EERSTE PILAAR BELEEF:

- Beleef gaan oor intimiteit met God.
- Adam en Eva het teen God gedraai en eerder geëet van die boom van die kennis van goed en kwaad
- Hoekom?
- Hulle wou self besluit wat is reg en verkeerd nie op God staatmaak nie.
- Voor daardie oomblik was die drie enige God en mens familie
- Hulle het saam gaan stap elke aand en gesels oor alles
- Hulle het saam gewerk soos om die diere name te gee
- Hulle het saam gesels en saam gedroom
- God was besig om hulle voor te berei vir die wêreld buite Eden
- Met die sondeval het alles verander:  Adam en Eva het geestelik doodgegaan
- Skielik moes hulle met God identifiseer as iemand wat ver is, vir wie jy offerhandes moes bring.
- Kain en Abel het geweet hulle moes dinge doen om Sy guns te wen
- Daarna het dit verder gegaan tot ons eindig by Israel en al die wette
- Die wet volhouding was die enigste manier hoe die Israeliete geregtig voor God kon staan
- Hulle was onder the juk van die wet en dit moes perfek uitgevoer word vir aanvaarding.

- Dit was onmoontlik om te doen.
- Die hoofrol van die Wet was om vir ons te wys dat dit nooit God se oorspronlike plan was nie
- Sy oorsponlike plan was verhouding, vertroue in Hom
- Toe stuur God Jesus – en vanaf die opstanding het ek en jy weer die kans om in verhouding met God te loop

- Ons moet verstaan vir elkeen is daar ‘n oomblik om ons vorige self op te gee en wedergebore te raak as gevolg van die volkome werk van Jesus op die kruis.

*Johannes 3:3-8 Die Boodskap*
3Jesus antwoord hom toe: “Weet jy, Ek wil nou vir jou iets belangriks sê. As
iemand nie nog ’n keer gebore word nie, sal hy sowaar nie deel word van die
ryk waar God Koning is nie.”
4“Hoe is dit moontlik om as jy al groot en oud is, nog ’n keer gebore te word?”
vra Nikodemus Hom. “’n Mens kan mos nie ’n tweede maal in jou ma
terugklim om weer ’n keer gebore te word nie.”
5“Luister baie mooi wat Ek vir jou sê,” kom dit van Jesus. “Die pad na die ryk
waar God Koning is, is toe vir elkeen wat nie gebore word uit lewende water
en die Heilige Gees nie. 6Immers, ’n kind wat uit ’n mens gebore word, is
maar net ’n mens. Wie egter uit die Gees gebore word, begin geestelik lewe.
7“Daarom moet jy nie vol allerhande vraagtekens wees oor my woorde dat
julle nog ’n keer gebore moet word nie. Leer uit die natuur. 8Hoewel jy die
wind hoor waai, kan jy dit tog nie beheer of stuur nie. Dit waai waar dit wil. Jy
weet nie eens presies waar dit vandaan kom of waarheen dit uiteindelik waai
nie. Maar nogtans waai dit. Presies dit is waar van die manier waarop die
Gees werk. Elke persoon wat uit die Gees gebore word, ervaar dit ook so.”

- Die teken wat wedergebore mense het om te wys dat hulle sterf in hulle ou self en staanop in hulle nuwe self is die water doop

*Romeine 6:3 Die Boodskap*

*3 Julle onthou wat by die doop gebeur het, of hoe? Toe ons in die Naam van Christus Jesus gedoop is, het ons deel geword van alles wat met Hom by die kruis gebeur het, van sy dood af tot by sy opstanding.*

- Die doop is vir mense wat doodgaan aan hulle ou self en gebore is in Jesus Christus

*Mark 10:14*

*But when Jesus saw this, He was indignant and He said to them, "Allow the children to come to Me; do not forbid them; for the kingdom of God belongs to such as these.*

- Hoe pas dit in by Beleef?
- Jy kan weet van iemand maar hulle nie waarlik ken nie.
- Die Britse Koningin is seker van die bekendste mense in die wêreld en ons weet seker meer van haar as enige iemand anders
- Maar dit beteken nie ons ken haar persoonlik nie
- Net so kan ons van God, Jesus en Heilige Gees weet maar hulle nie persoonlik ken nie.
- *God se begeerte is vir ons om Hom persoonlik te ken en vir Hom om ons persoonlik te ken*

## 1. Jy is gemaak om lief gehê te word – aanvaar en geniet dit

*Psalm 149:4*

*4 Die Here se kinders gee Hom groot plesier.*
*Mense sonder status of belangrikheid behandel Hy soos konings wanneer Hy hulle help.*

*Efesiërs 1:5*

*5 Dit alles het Hy uit liefde gedoen. Ja, Hy het vooraf besluit om ons sy eie kinders te maak. Hy het besluit om dit te doen om geen ander rede as dat Hy dit graag vir ons wou doen nie. En dit is nie sommer net 'n storie nie - Jesus Christus het kom sorg dat dit regtig gebeur.*

- As menslike wesens is dit vir ons moeilik om onselfsugtigheid te verstaan
- Min oomblikke in ons lewe straal onsselfsugtigheid uit
- Die naaste wat ons sien aan dit is om kinders te hê
- Die ideale ouers het kinders om hulle lief te hê, nie om met hulle te spog nie, nie om hulle te gebruik as werkers nie en ook nie om  hulle te boelie nie
- Ek moet eerlik wees daar is goeie en slegte tye, die beste tye is wanneer hulle slaap
- Dis seker hoekom God se genade nuut is elke oggend
- That is why I believe this:

*Klaagliedere 3:23 Nuwe Lewende Vertaling*

*23 Op u ontferming kan 'n mens*
*altyd vertrou.*
*Dit is elke oggend nuut.*

- Dis vir ons onmoontlik om aan iemand te dink wat alles het
- Iemand wat niks van ons nodig het nie
- Iemand wat so baie het dat al wat Hy wil doen is om dit uit ted eel
- Iemand wat so vrygewig is dat Hy Sy lewe sal gee om ons huis toe te bring
- Iemand wat soveel liefde het dat Hy Sy plek in die hemel opgegee het om by ons op aarde oor ons te waak
-

- Maar selfs moeiliker as dit is om in te sien God, Jesus en Heilige Gees is lief vir ons en ons hoef dit net te aanvaar.
- Is dit soms vir van julle moeilik om komplimente of groot geskenke te aanvaar?
- Sukkel jy om gunste and liefde van ander te aanvaar?
- Baie mense wat ek ken sukkel, want ons self waarde is laag en ons voel onverdiend
- Storie oor R100
- Wees Gees teenoor die Kindskap Gees:
    1. Die Wees Gees werk vanuit onsekerheid en jaloesie
       Die Kindskap Gees funksioneer vanuit liefde en aanvaarding.
    2. Die Wees Gees is jaloers op die sukses van ander
       Die Kindskap Gees is vasberade om ander se sukses aan te por en te vier
    3. Die Wees Gees werk om God se liefde te verdien
       Die Kindskap Gees dien God vanuit ‘n openbaring van Sy liefde en en aanvaarding.
    4. Die Wees Gees probeer diep gevoelens van verwerping and afsnyding wegkry deur fisiese stimulasie
       Die Kindskap Gees loop in blydskap en gaan na God vir toenadering en troos.
    5. Die Wees Gees word gedryf deur die behoefte aan sukses,
       Die Kindskap Gees word gedryf deur geestelike volwassenheid en roeping.
    6. Die Wees Gees word gebruik mense as objekte om doelwitte n ate kom. Die Kindskap Gees wil mense dien en seën.
    7. Die Wees Gees het woede, die Kindskap Gees is in beheer en kan die toekoms navigeer.
    8. Die Wees Gees is altyd in kompetisie met ander, terwyl die die Kindskap Gees altyd ander seën.
    9. Die Wees Gees ontvang sy primêre identiteit deur materiële dinge, hoe dit lyk en hulle aktiwiteite.

Die Kindskap Gees kry identiteit by Vader.

10. Die Wees Gees het nie self-vertroue nie, die Kindskap Gees aanvaar God se liefde en aanvaarding en is veilig in Hom.

- As jy enige van hierdie simptome het, wil ons nie hê jy moet vandag skaam of beledig voel nie.
- Ons wil jou herhinder dat jy 'n wonderlike Hemelse Pa en familie het wat jou beter wil leerken.

## (Jy is gemaak om lief gehê te word – aanvaar en geniet dit)

### 2. Hê Hom Lief

- As jou persepsie van liefde verwronge is – sal jy God nie op 'n gesonde wyse lief hê nie.
- Sommige van ons word steeds vasgevan in kondisionele liefde.
- Liefde wat verdien moet of liefde wat slegs op sekere voorwaardes uitgegee word.
- Kondisionele liefde klink so:
  I sal jou liefhê as jy dit of dat doen
  I sal jou liefhê as jy beter is
  I sal jou liefhê as jy my net so lief het of meer
- Kondisionele liefde is soos 'n kanker wat verhoudinge wegvreet.
- Die grootste rede hiervoor is dat mense God en mekaar met groot verwagtige liefhet.
- Eerstens, mense gaan jou teleurstel.
- En Tweedens God gaan nooit na ons pype dans nie, ons sal soms nie verstaan hoekom of hoekom nie?
- As jy mense kondsioneel liefhet moet jy weet dis tydelik en eintlik 'n tydbom.

- As jy God kondisioneel liefhet moet jy weet niemand manupileer God nie.
- Ons moet God liefhê soos Hy ons liefhet.
- *Ephesians 3:17-19 "1Nuwe Lewende Vertaling*

  *17 Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondves wees. 18Mag julle in staat wees om saam met al God se mense te begryp hoe breed en lank en hoe hoog en diep sy liefde is. 19Dan sal julle Christus se liefde, wat alle verstand te bowe gaan, beleef. Mag julle heeltemal met die volheid van God vervul word.*
- God het ons lief met alles, Hy stel Homself in gevaar vir teleurstelling en verwerping – Sy liefde vir ons is volkome.
- Dis hoe ons Hom moet liefhê, ons moet Hom onvoorwaardelik vertrou.

**Mattheus 22:37**

*37Jesus se antwoord was: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.'*

- Hê God lief met jou hele hart
- Moenie terughou omdat jy bang is nie, Hy is beter as enige iemand wat jy al ooit ontmoet het.
- Hê God lief met jou hele siel, hê hom lief in jou emosies en in jou keuses.
- Hê God lief met jou al jou denke:

*2 Korintiërs 10:5*

*5 Elke hooghartige leuen wat die ware kennis van God probeer verdraai, loop ons met God se wapens onderstebo. En elke gedagte wat deur ons koppe gaan, neem ons gevange en lewer dit aan Christus uit. Ons dink slegs wat Hy wil hê.*

- Een ding waarmee ek julle los: julle liefde sal nooit verspil word op God nie.

## (Jy is gemaak om lief gehê te word – aanvaar en geniet dit)

## (Hê Hom Lief)

### *3.* Wees by Hom

- Jakobus 4:8 sê *8 Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.*
- Verhoudinge en tyd gaan hand aan hand
- Hoe meer tyd jy saam met iemand spandeer
- Hoe meer ken jy hulle
- Hoe meer lief het jy hulle
- Hoe meer vertrou jy hulle
- ‘n Goeie voorbeeld in die Bybel is die storie van 2 susters Martha en Maria
- Martha het in die kombuis gewerskaf en gereed gestaan vir Jesus en Sy dissipels, terwyl Maria by Jesus se voete gesit het.
- Martha het haar vererg en vir Jesus gesê dis onregverdig Maria kan net sit en by Hom wees terwyl sy al die werk alleen doen
- Jesus se antwoord was Maria het die regte ding gekies om tyd by My te spandeer dit sal nooit weggeneem word van haar nie
- Om tyd in jou verhouding met God te investeer sal nooit to jou nadeel lei nie.
- Wat ook al jy daar kry kan niemand van jou wegneem nie
- Kyk na suksesvolle mense wat hulle familie en vriende afskeep.
- Wanneer hulle oud en alleen is kom hulle agter dat geld en posisie tydelike bevrediging bring en tyd met God en mense lei na verhoudinge wat nooit weggeneem kan word nie.
- Moenie formeel met God wees nie
- Bring Hom in die groot en klein dingetjies van jou lewe

**TOEPASSING:**

## Jy is gemaak om lief gehê te word – aanvaar en geniet dit

- As jy God se liefde kan aanvaar en geniet, kan jy dit teruggee aan Hom en ander
- As jy toelaat om liefgehê te word deur Hom sal jy veilig voel
- God, Jesus en Heilige Gees sal altyd meer gee as vat
- God se teenwoordigheid bring vreugde en vrede

## • Hê Hom Lief

- As jy God liefhet loop jy alreeds in een van jou grootste lewensdoele
- Alle wonderlike mense in die Bybel was lief vir God
- Wees Sy vriend en hê hom lief met jou hele hart
- Al jou emosies en keuses
- En met jou jou hele denke

## • Wees by Hom

- Jou beste belegging ooit is tyd by God